

## Donderdag 4 Augustus

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14-16 (1933/53- en 1983-vertaling); HK Sondag 21**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:14-16**

### Gebruik die geleentheid wat God jou bied, sommer nou

Gewoonlik hou ek nie van sinne wat met “Terwyl jy/ons nou ...” begin nie. Iets soos: “Terwyl jy nou dorp toe gaan, sal jy sommer ...?” Of: “Terwyl jy nou besig is om die stort reg te maak ...” Dit vra van my aanpassing. Ek moet iets ekstra inpas.

Met die “*terwyl ons nou*” van Hebreërs 4:14 is dit egter anders. Dit praat nie van dinge wat *éél* moet inpas of aanpas nie. Dit praat van alles wat Jesus moes inpas en aanpas om vir ons die ware, ewige hoëpriester by God te kan wees. Hy wat God is, volmaak en sonder sonde, het Homself kom blootstel aan menswees met alles wat dit inhoud. Daar is geen stukkie van ons menslike behoeftes en versoekinge waaraan Hy nie self blootgestel was nie.

Dit is egter nie al nie. Ook dit wat ons nog hoop om te beleef, is aan Hom bekend. Hy het “*die hemele deurgegaan*” om in die “*groter en volmaakter verbondstent*” (Heb. 9:11) as ewige hoëpriester vir ons in te tree.

Terwyl dit nou so is, wat anders kan ek doen as om gewoon by God se genadetroon te kniel terwyl Jesus Christus met volmaakte medelye my saak by God bepleit? Dalk het ek/jy te lank uitgestel om hierdie “*terwyl ons nou*”-geleentheid te benut. Doen dit sommer nou. “*Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie*” (HK v/a 56).

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2*

*Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)*